

SEDERT 1912 • SINCE 1912

LEEUWRIVIER

ONTHAALSENTRUM • RECEPTION HALL

Leeuwrvier is een van die oudste plase in Wellington en alreeds 8 geslagte in dieselfde familie. Die pragtige Bolandse plaas is ongeveer 4 km buite die dorp in die rigting van Bovlei. Die ou plaashuis spog met 'n pragtige tuin en lê teen die voet van die Hawekwa Bergreeks.

Die onthaalsentrum is gevestig in 'n ou skuur op die plaas met 'n heerlike, gemaklike atmosfeer. Ons bied opregte Bolandse gasvryheid, persoonlike diens en waarde vir geld.

Die sentrum kan 200 mense plus 'n dansvloer en tot 240 mense sonder 'n dansvloer, met gemak hanteer. Dit is ideaal vir troues, verjaardagspartytjies, danse en ander funksies.

Inligtingstuk

1. 2017 Fooie

Fooie sal individueel en volgens u behoeftes bespreek word .

Fooie geld vanaf 01-01-2017 tot 31-12-2017. 'n Verhoging van ± 10% mag daarna van toepassing wees. Ons probeer egter pryse so laag as moontlik hou.

Pakette

- | | | |
|------------|------------------|---|
| 1. Goud: | 100 - 240 gaste: | R 150.00 p/p |
| 2. Silwer: | 80 – 99 gaste: | R 185.00 p/p |
| 3. Brons: | 80 en minder: | die minimum aantal gaste waarvoor betaal word, is 80. |

- Korting van 10% op bg. pryse tussen 1 Junie en 31 Augustus 2016.
- **Deposito van R4500** is betaalbaar alvorens besprekings bevestig kan word. Enige breekskade of ander skade sal van die deposito verhaal word en die balans sal na die funksie aan u terugbetaal word. Die deposito mag nie van u finale rekening afgetrek word nie.
- **Kansellasië van 'n funksie:**
 1. Indien kansellasië gedoen word minder as 2 maande voor die funksie, verloor u die hele deposito.
 2. Indien die kansellasië meer as 2 maande voor die funksie gedoen word, verloor u 25 % van die deposito.
- Die rekening van die funksie is betaalbaar 3 werksdae **voor** die datum van die funksie.
- Die finale getal gaste moet verskaf word, nie later as 5 werksdae voor die datum nie. U rekening sal daarvolgens bepaal word. Leeuwrvier sal nie daarna die rekening aanpas as die finale aantal gaste verminder nie. Let op dat indien die gaste verminder na minder as 100, die fooie sal geld soos bo genoem.



2. Ingesluit in pakette

- ❖ **Huur van die saal** (enige ander kostes uitgesluit)
- ❖ **Gebruik van die tuin** vir die ontvangs van die gaste en fotos

- ❖ **Tafels en Stoele:**

Wit plastiekstoele sonder armleunings. (Ander soort stoele op aanvraag en teen ekstra koste)
Ronde gaste tafels - 10 sitplek (lang tafels beskikbaar teen ekstra koste)
Bruidstafel (lank, ronde of half-rond)
Buffettafels (lank)
Tafeltjie vir troukoek (rond)
Geskenke tafel (vierkantig)
Tafels vir die tuin

- ❖ **Breekware, Eetgerei en Glase:**

Wit eetstel.
Munich vlekvrue staal eetgerei.
Glase: Elegante reeks kristal glase. 1 x rooi-, 1 x wit- en 1 x sjampanje glas p/p wees.
Waterbekers
Ysbakke en ystange
Sout-en-peper stelle
Opskeplepels en -tange
Gebruik van 'n mes vir die sny van die troukoek (vir troues)

- ❖ **Dekor:**

Staander vir die tafellys
Balies

- ❖ **Sekuriteit:**

Motorwag
Goeie beligting in parkeerarea

- ❖ **Dienste en bykomstighede:**

Skoonmaak van die saal voor en na die funksie
Dek van die tafels. Slegs breekware, eetgerei en glase. (Die kliënt / bloemis /dekor persone is self verantwoordelik om die nodige dekor / blomme ens. op die tafels te plaas.)
Toiletpapier en ander benodighede in die kleedkamers.

LET WEL:

Die kliënt / spysenier / bloemis is self verantwoordelik om die items wat hulle verskaf het, op te ruim, te verpak en te verwyder na die funksie.

Geen opruiming/ verwydering op 'n Sondag nie.

Ons doen net een funksie per naweek. Sodoende kan ons ons volle aandag aan u mooi dag gee!



3. Uitgesluit uit pakette

❖ Trouseremonie in die tuin : R3300.00

Dit sluit die volgende in:

- Boog (arch) met wit drapering
- Wit plastiekstoele (sonder oortreksels) vir die aantal gaste. (Ander stoele op aanvraag teen ekstra koste)
- Mooi tafeltjie met wit tafeldoek vir teken van die register. (alternatief: teken die register by die hooftafel in die saal indien u huweliksbevestiger verkies om dit onder dak te doen)
- Staander vir die huweliksbevestiger se aantekening.
- Opstel en opruiming van die seremonie area.
- Kragpunt vir klanksisteem.

- **Dit sluit die volgende uit:**
- Blomme, blomstaanders, konfetti houers en ander dekor
- Mat
- Stoelootreksels ("chaircovers")
- Konfetti: Net organiese materiaal word toegelaat (bv. roos- en blomblare)
- Versierings aan die stoele

Indien daar **net** van die trouseremonie in die tuin gebruik gemaak wil word en die saal nie gebruik gaan word vir 'n onthaal nie, sal daar **addisionele kostes per persoon** gehef word. Leeuwrivier neem geen verantwoordelikheid vir enige gebeurtenis / funksie/ seremonie buite nie. Die kliënt is ten volle verantwoordelik vir enige ekstra koste of versekering indien die weer nie die gebeurtenis / funksie/ seremonie buite sou toelaat nie. In geval dat daar nie 'n onthaal in die saal is na die gebeurtenis / funksie/ seremonie buite nie, sal die saal nie beskikbaar wees as alternatief nie.

Spysenier

Leeuwrivier het nie 'n vaste spysenier nie. U kan u eie spysenier gebruik of reëlings vir een kan getref word. Ons beskik in Wellington oor uitstekende spyseniers en sal enige tyd hulle kontakbesonderhede verskaf. Die kliënt skakel self met die spysenier en is ook direk vir haar / sy kostes verantwoordelik.

'n **Kombuis fooi van R1000** is betaalbaar.

'n In-stap-koelkamer is beskikbaar.

Die kombuis is volledig ingerig met 'n 6-plaat gasstoof, 2 plaat gasbranders, mikrogolfoond, dubbeldeur elektriese oond, ketel, yskas, vrieskas, opwasgeriewe ens.

Die **kliënt is verantwoordelik vir die etes** van die **croegmanne(2), DJ, musikante, fotografe, kombuis personeel (3) en motorwag (1)**. Bespreek dit met die spysenier.

❖ Kroegfassiliteite

'n Kontantkroeg is beskikbaar.

Koste:

80 - 100	gaste:	R 1600.00
101 - 150	gaste:	R 1900.00
151 - 240	gaste:	R 2000.00

Dit sluit in die kroegman (-ne), glase en ys ens. wat in die kroeg gebruik word en die drank wat die kliënt wil hê moet beskikbaar wees vir sy / haar gaste om te kan koop. Bespreek dit met die bestuur.

Kliënte word nie toegelaat om hul eie kroeg te bedryf nie.



❖ **Wyn, vonkelwyn en sap (uitgesluit)**

- * Goeie kwaliteit wyn is verkrygbaar van ons plaaslike wynkelders.
- * U is welkom om u eie tafelwyn, vonkelwyn en sap vir die tafels te verskaf. **Geen ander drank word toegelaat nie.**
- * **Geen kurkfooie .**
- * U is welkom om vooraf u drank te bring vir berging en verkoeling. (Ons fasiliteite word wel gesluit, maar dit is op u eie risiko)
- * Ys vir die gaste tafels, kroeg en vir pre-drinks buite, is ingesluit.

LET WEL:

Gaste mag nie hulle eie drank bring nie. Drankgebruik in die parkeerarea en ander plekke op die perseel, behalwe in die funksie area, word nie toegelaat nie. Oortreders sal gevra word om die perseel te verlaat.

❖ **Kelners (uitgesluit)**

Indien die spysenier nie self kelners voorsien nie, kan ons dit reël teen ±R45 per kelner per uur. Bespreking daarvan nie minder as 14 dae voor die datum van die funksie nie.

❖ **Musiek (uitgesluit)**

Musiek (DJ / orkes) en klanksisteem is **NIE** ingesluit by die prys nie.

Die kliënt is self verantwoordelik vir die reëlings

DJ / Orkes is self verantwoordelik vir **verlengingskoorde** vir buite in die tuin. 'n Kragpunt word voorsien.

❖ **Dekor - Linne (uitgesluit)**

tafeldoeke
tafellopers ("runners")
oorgooi doeke ("overlays")
stoelootreksels ("chaircovers")
stoellinte ("tiebacks")
servette
servetringe

❖ **Dekor - Blomme / Versierings (uitgesluit)**

Blomme / versierings / kerse / staanders / liggies ens is vir die kliënt se eie rekening.
Reëlings kan egter deur ons getref word om dit te kry, indien verkies.

Bogenoemde kan egter deur ons ingehuur word vir die kliënt se rekening.

Enige ander benodighede en dienste sal gehuur word vir die kliënt se eie rekening.

Pryse is op aanvraag beskikbaar.

❖ **Uitnodigings ens.:**

Ons het ons eie grafiese ontwerper wat epos uitnodigings en "save-the-date" epos kennisgewings kan doen teen 'n billikke prys. Bespreek dit met die bestuur.



4. Aanbevelings kan gedoen word ten opsigte van die volgende:

1. Spyseniers
2. Fotografe
3. Bloemistes
4. Dekor
5. Drapering van die saal se dak
6. Troukoeke
7. Musiek
8. Die maak van sjokolade truffles / lekkers vir geskenkies
9. gastehuse / verblyf

Ons beskik oor 'n groot hoeveelheid baie bekwame mense in Wellington en Paarl. Dit staan die kliënt egter vry om sy/haar eie mense te gebruik. Die bestuur van Leeuwrivier behou egter die reg tot finale goedkeuring.

5. Goedere wat gehuur kan word van Leeuwrivier:

(pryse op aanvraag)

1. Onderborde ("underplates") vlekvrystaal, goud
2. Glas "cone" vases op staanders vir konfetti, blomme ens
3. Konfettimandjies
4. Klein glasblakers
5. Vierkantige wit-en-swart overlays ($\pm 1\text{m} \times 1\text{m}$)
6. wit hand sambreeltjies vir gaste
7. sambrele vir die tuin

Indien u van ons dienste wil gebruik maak, kontak ons vroegtydig om 'n afspraak te maak. Dan kan ons al u behoeftes bespreek en 'n pakket saamstel.



Reëls en Regulasies

1. As gevolg van die wet op die verbod van rook in publieke areas, handhaaf ons 'n streng nie-rook beleid. Asbakke sal buite verskaf word.
2. Tye:
 - * Musiek stop om 24:00
 - * Die kroeg sluit om 24:00.
 - * Die saal moet teen 0:45 ontruim word.
3. Indien die funksie op 'n weeksaand en Vrydagaand is, moet alles wat deur die kliënt daar geplaas is (soos blomme, ruikers, drank ens), verwyder word voor 09:00 die volgende oggend. Ware wat deur die onthaalsentrum verskaf en ingehuur is, hoef nie verwyder te word nie.
Geen verwydering op 'n Sondag nie.
4. Die bloemis moet die saal ontruim 2 uur voor die funksie begin sodat die saal finaal skoongemaak kan word.
5. Geen kos mag die perseel onder enige omstandighede verlaat nie. Die spysenier is alleen daarvoor verantwoordelik.
6. Geen dekor wat deur Leeuwrivier verskaf is, mag van die perseel verwyder word nie. Die kliënt sal aanspreeklik gehou word vir enige verliese.
7. Alle items wat deur die kliënt verskaf word en benodig word met die dek van die tafels en die versiering van die saal (behalwe die blomme) moet **2 dae** voor die funksie besorg word.
8. Geen dekor mag teen die mure aangebring word met wondergom of ander hegmiddels wat die verf mag beskadig nie.
9. Geen drapering word teen die mure toegelaat nie. Die dak mag wel gedrapeer word. Drapering moet weer self verwyder word deur kliënt/ dekor personeel.
10. Geen polistireen korrels (foamolite korrels) word op die vloere toegelaat nie.
11. Gaste word onder geen omstandighede toegelaat om hulle eie drank te bring nie.
12. Geen "sparkles" en Chinese lanterns ("Sky lanterns") wat brand gestee word, word toegelaat nie.
13. Indien die kliënt gebruikmaak van subkontraakteurs vir versiering ens., moet dit met die bestuur bespreek word en toestemming verkry word. Die kliënt sal aanspreeklik gehou word vir enige skade wat deur die subkontraakteur veroorsaak word.
14. Die kombuispersoneel van Leeuwrivier en die eienares is nie verantwoordelik vir enige opstel, warm maak, bediening en aanvulling van enige peuselhappies of pre-drinks van die kliënt nie. Die spysenier of 'n aangestelde persoon van die kliënt is daarvoor verantwoordelik.
15. Kontak Demarlene ten minste 14 dae voor die funksie om die finale besonderhede te bespreek.
16. Kantoorure is: Maandae – Vrydae tussen 08:30 en 18:00. Sondag gesluit.
17. Besigtiging: Reël asseblief vir 'n afspraak. Ons sal baie graag ons volle aandag aan u wil gee om alles te bespreek en kan dit nie doen as ons besig is met 'n funksie nie!
18. Leeuwrivier behou die reg voor om pryse aan te pas volgens ons verskaffers.

Ons sal graag wil hê dat u Leeuwrivier moet kom besigtig, maar maak asseblief 'n afspraak. U sal verstaan dat elke funksie eerste prioriteit is en dat ons u graag sal wil sien as ons nie besig is nie.

Ons hoop Leeuwrivier Onthaalsentrum kan van u funksie 'n onvergeetlike geleentheid maak!

Kontakpersoon: Demarlene Kruger

Tel: 021-8733628 / 082 802 1369

Faks: 0866018324

epos: info@leeuwrivier.co.za

webwerf: www.leeuwrivier.co.za



Vrywaring

Eienaars en bestuurders van Leeuwrivier Onthaalsentrum, alle werknemers en werknemers gehuur vir 'n funksie aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige skade of verlies aan eiendom van die kliënt nie. Dit sluit ook enige beserings wat mag plaasvind voor, tydens en na die funksie in.

Indien enige skade aan die eiendom van Leeuwrivier Onthaalsentrum en die omliggende eiendom van H.F. Smit Boerdery (Edms) Bpk asook ander omliggende eiendomme, aangerig word tydens die opstel van dekor deur die kliënt, tydens die funksie (deur die kliënt en sy / haar gaste) of met die afbreek van dekor deur die kliënt, sal die kliënt aanspreeklik gehou word.

Leeuwrivier Onthaalsentrum aanvaar ook geen aanspreeklikheid ten opsigte van probleme wat mag ontstaan a.g.v. kragonderbrekings / beurtkrag van Eskom nie. Alles moontlik sal egter gedoen word om sodanige probleme te voorkom. Ons het wel 'n kragopwekker wat in werking tree tydens beurtkrag.

Reg van toegang

Leeuwrivier Onthaalsentrum se bestuur behou die reg voor om enige persoon van die eiendom te verwyder na goeddunke.

Indien u die voorwaardes en reëls aanvaar, teken asseblief en stuur terug aan:

e-pos: info@leeuwrivier.co.za

Faks: 0866018324

Ek..... die ondergetekende, aanvaar die voorwaardes wat in die inligtingstuk uiteengesit is. Ek het die inligtingstuk gelees en verstaan al die voorwaardes en daar is geen onduidelikhede daaromtrent nie.

Datum van funksie:

Kontakbesonderhede:

Naam:

Adres:

.....

.....

Tel: Selfoon:

e-pos adres:

Faks no:

Geteken te op diedag van201.....

Geteken: